

HOOFSTUK VI.GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS.1. SAMEVATTING.

- (a) Dryfveer tot studie.
- (b) Basis van ondersoek.
- (c) Metodes van ondersoek.
- (d) Gegewens uit en opset met vraelyste.
- (e) Besprekings van gegewens.

2. BEVINDINGE.

- (a) Algemeen.
- (b) Besonder.
  - (i) Differensiasie.
  - (ii) Baanindeling.
  - (iii) Evaluering.
  - (iv) Voorligting.

3. AANBEVELINGS.

Inleidend.

- (i) Differensiasie.
- (ii) Baanindeling.
- (iii) Evaluering.
- (iv) Voorligting.
- (v) Personeel, voorsiening, toewysing.

4. MOONTLIKE NAVORSINGSVELDE.5. BYLAE.

- " 1 - Vraelys aan leerlinge.
- " 2 - Vraelys aan voorligtingonderwysers.
- " 3A - Vrae by onderhoude St. VI - VII.
- " 3B - Vrae by onderhoude St. VIII.
- " 3C - Vrae by onderhoude St. IX - X.

HOOFTUK VI.GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS.1. SAMEVATTING:(a) Dryfveer tot die studie.

Die vernaamste beweegrede tot hierdie ondersoek was dat daar oor 'n periode van ses jaar kennis gemaak is met leerlinge en ouers wat ontevrede en ongelukkig is met die baanstelsel. Van tyd tot tyd verskyn daar in die openbare pers ook briewe wat die stelsel veroordeel en selde of ooit vin 'n mens 'n aanprysing daarvan. Omdat die baanstelsel se implementering reeds in st. VI begin, wat dan die oriënteringsjaar genoem word, is probeer om die oriënteringsjaar en die gepaardgaande procedures nader te ontleed en te beoordeel.

(b) Basis van die ondersoek.

Die basis van die ondersoek was dan ook die eie voorwetenskaplike ondervinding met die oriëntering van die st. VI-leerling met die oog op die baanstelsel en die implikasies daarvan. Om dit aan te vul is daar sover moontlik onderhoude met onderwysers, leerlinge en studente en hul ouers gevoer ten einde ondervindings en gesigspunte te vereenem. Hierdie onderhoude het 'n vaste patroon aangeneem en spesifieke vrae is gestel.<sup>1)</sup>. Die gegewens is sorgvuldig aangeteken en bewaar.

Met behulp van voorligters, kollegas en die studieleier is 'n vraelys opgestel vir beantwoording deur leerlinge vanaf st. VI tot st. X aan verskillende skole in verskillende streke<sup>1a)</sup> van Transvaal. Die opset van die vraelys was om uit die antwoorde op wetenskaplike wyse die gevolgtureks wat reeds ge-

1. Bylaes RA, RB, &amp; RC, p. 140 - 145.

1a. Sien p. 82, 2(iii).

sy beslag veral in st. VI kry op grond van die oriënteringsprosedures. Die st. VI = leerling het nog nie genoeg tyd gehad nie om georiënteerd te raak ten opsigte van al die nuwe dinge en mense wat vir hom totaal vreemd is.<sup>2)</sup>. Aan die einde van die tweede kwartaal is nog die onderwyser nog die leerling in 'n posisie om te weet na watter rigting die leerling wil en waartoe hy in staat is; die evaluering van die leerling verg meer tyd en besinning as twee kwartale. (Sien hoofstuk 3) Klasprestasie en I.K.-gegewens alleen skyn ook onvolledig te wees vir so 'n belangrike beslissing wat die toekoms van die kind bepaal.<sup>2a)</sup>. Die ondersoek het verder bevestig dat as 'n baantoe wysing eers gedoen is, dit moeilik gaan om weer te verander. Simon waarsku tereg teen voorbarige baanindeling.<sup>3)</sup>. Shiels beklemtoon dieselfde gesigspunt.<sup>4)</sup>. Die hoof en voorligter se aanbeveling i.v.m. baan- en vakkeuse word meesal aanvaar. Die verskeidenheid in vakkeuse is nie altyd toereikend of moontlik nie. (Vgl. Tabel V).

(ii) Wiskunde veroorsaak baie probleme en is hoofsaaklik a.g.v. klasprestasies daarin die beslissende faktor by baanindeling (68% Tabel VI, Hfst. V p. 98)

2. Vgl. Hfst. V, p. 102, Voetnoot 10.

2a. Vgl. Coetzee, J.L.: "Opvoedkundige toetsing in Amerika", Onderwysblad Deel LXIII, No. 719, Sept. '59, p. 171.

3. Simon, B.: New trends in English education p. 185 - 190. Ook Hfst. 2, p. 20.

4. Shiels, F.H.: op. cit., p. 148, 178, 244.

Daar is beslis 'n ernstige situasie m.b.t. Wiskunde.

(iii) Daar word bedenkinge verwek oor die aangeleentheid of die st. VI- en st. VII-leerlinge nie afgeskeep word t.o.v. vakonderwys waar fundamentele beginsels van die vakke vasgelê moet word nie. In hierdie verband kan ook verwys word na Bode wat aanvoer dat prestasie in 'n vak beslis geaffekteer word deur goeie of swak onderwys en deur die middele in die skool en huis wat tot die leerling se beskikking is.<sup>5)</sup> (Sien ook Tabel VIII p. 100).

(iv) Dit skyn asof daar a.g.v. baanplasing inhibisies en komplekse verwek word soos bv. willoosheid, fatalisme, belangloosheid en selfs ander vorms van afwyking wat o.a. wangedrag, stokkiesdraai, wegloop van die skool, insluit.<sup>5a)</sup>. Leerlinge het dit teen die etikettering en stigmatisering.<sup>5b)</sup>. Hierdie gesigspunt vind steun by 'n hoof van een van die kliniekskole en ook by 'n skoolsielkundige, wat in dié verband genader is vir informasie.

(v) Dat leerlinge dit moeilik vind om al die huiswerk te behartig wat eintlik daarop neerkom dat elke vakonderwyser sy aandeel eis, val nie te betwyfel nie.<sup>6)</sup>.

(vi) Differensiasie, met sy volle konsekwensie vir die C-baan leerling, beantwoord nie aan die verwagting nie,

5. Bode, B.H.: op. cit., p.33.

5a. Sien Tabel III, asook Hfst. V, p.94, Voetnoot 8.

5b. Sien p.122, 127.

6. Vgl. Tabel XII, p. 104.

want 'n groot persentasie C-baan skoolverlaters het geen vaste mikpunt en ontvang geen werklike voorberoepsonderrig nie.<sup>7)</sup>.

(vii) Voorligting is 'n noodsaaklike onderdeel van die leerplan dog dit kom skynbaar nie tot sy reg nie.<sup>8)</sup>. Leerlinge betuig self dat hulle mag behoefté het aan vertroulike leiding en raadgewing en begeer om iemand by die skool te hê na wie hulle met al hul probleme kan gaan, en hierdie probleme is legio by die hedendaagse jeugdiges.

(viii) Daar is sekere vakke ten opsigte waarvan die oriëntering moeilik plaasvind, veral Wiskunde en 'n derde taal. Wiskunde en 'n derde taal is heel dikwels verantwoordelik vir 'n baanverlaging<sup>8a)</sup>.

(ix) Daar kom gevalle van baanverandering voor, maar baie min van 'n laer baan na 'n hoër baan. Daar is ook min leerlinge wat bereid is om 'n standerd te herhaal in bv. die A-baan indien hulle 'n B-baan sertifikaat verwerf het in st. 8 of 10.<sup>8b)</sup>. Voorligters het in hulle antwoorde laat blyk dat daar 75% korrektheid van baanplasing bestaan, dog nadere besonderhede om hierdie bewering te staaf kon nie gevind word nie.

7. Lindsay, F.B. The invisible student ...etc. In Alexander, W.M. op. cit., p. 67 - 70, asook hierdie studie Tabel VII. Hfst. V. p. 99.

8. Vgl. Hfst. V p. 109, Vr. 18 aan voorligters.

8a. Vgl. Tabelle VI en VIII.

8b. Vgl. antwoorde op vr. 11 van vraelys aan voorligters. en Tabel IX.

2. BEVINDINGE.(a) Algemense.

Die gekompliseerdheid van die moderne maatskappy noop ons om te aanvaar dat die kind wat van die laerskool na die hoërskool gaan, 'n periode moet hê waarin hy georiënteer kan word ten opsigte van 'n vir hom uiterst vreemde omgewing wat betref geboue, organisasie, onderwysers, vakke, kursusse, maats, aktiwiteite binne en buite die skool, dinge wat alles meewerk om in die kind 'n gemoeds- en geestestoestand te laat ontstaan wat hom onseker en verwارد maak.

Dit is duidelik dat wanneer 'n kind in 'n verwarde, missien ontwrigte toestand verkeer, hy beswaarlik sy beste sal kan lewer ten opsigte van akademiese prestasie. Dus sal daar rekening mee gehou moet word in die beoordeling van die kind se vermoëns en prestasies. Gevolglik sal ook die leiding en steun wat so 'n kind ontvang, moet geskied onder die besef van sodanige moontlikhede en die leiding en steun sal dus moet geskied met behulp van gestandaardiseerde skolastiese en diagnostiese toetse ten einde te bepaal watter kursus die geskikste sal wees vir die betrokke leerling en watter remedierende behandeling hy moet ontvang. Die kind se belang is die bepalende faktor volgens die reg wat hy het op onderwys volgens bekwaamhede, behoeftes en aanleg,<sup>8c)</sup> en soos beklemtoon deur 'n voormalige direkteur van onderwys in sy toespraak oor die opvoedkundige filosofie van gedifferensieerde onderwys nl. dat die doel van onderwys is om die hele kind volgens sy besondere behoeftes te ontwikkel.<sup>9).</sup>

---

8c. Sien Hfst. I, p.3 - 4.

9. Van Wyk, A.H. du P. in Onderwysblad p. 4.

No. 1, Mrt., '58,

In hierdie empiriese ondersoek het dit nie geblyk die geval te wees nie, Alle moontlike maatreëls om die kind korrek te evaluateer word nie aangewend nie.<sup>9a)</sup>. Baie min of glad geen remediërende behandeling word gegee ten einde 'n leerling te rehabiliteer nie. Die ondersoek getuig dat hiervan nie veel terug kom nie.<sup>10)</sup> Daar bestaan dus in die praktyk 'n lugleë ruimte wat die evaluering betref, ten spyte van die feit dat die Van Wykverslag reeds in 1955 toetse vir evaluering aanbeveel het.<sup>11).</sup>

Indien leerlinge na die B-kursus gedwing word bloot ter wille van die vakke wat hulle verkies, sou daar dan gesê kan word dat dit doeltreffende differensiasie is tot die beste voordeel van die kind?<sup>11a)</sup>. Indien die beroepsgerigte komponent in die B-kursus en in 'n groter mate in die C-kursus ontbreek, kan daar nog nie sprake wees van doeltreffende differensiasie nie, want daar vind nog nie volledige eksplorering van die potensiaal plaas nie.<sup>11b)</sup>. Teregt sê King dat 'n wyer verskeidenheid kursusse aangebied moet word met die oog op 'n groter verskeidenheid professies maar met behoud van sentrale of kernbelange. Meerdoelige eerder as verskillende tipes skole moet voorsien word, m.a.w. werklike komprehensiewe skole. Nie net onderwys vir persoonlikheid, goeie burgerskap

9a. Vgl. Tabel XIII.

10. Sien Tabel XI, p. 103, asook Tabel XIII. p. 105.

11. Van Wyk A.H. du P. - Verslag op. cit p. 85, 93.

11a. Vgl. Tabelle VI & X.

11b. Vgl. Tabel VII.

en breër menslikheid, ordentlikheid en waardigheid nie, maar ook onderwys vir beroepe moet voorsien word, "education for jobs" soos hy dit stel.<sup>12)</sup>.

Indien die hoëskoolonderwys vandag so gekompliseerd is en aan soveel vereistes moet voldoen, is dit seker nie moontlik om 'n st. VI = leerling binne 'n kwartaal of twee reg te beoordeel, te toets en ten volle te laat oriënteer nie. Dit is verder nodig om die st. VI = leerling veel later as aan die einde van die tweede kwartaal in bane te verdeel. Die leerlinge met al hul veelvuldige probleme van aanpassing en inpassing behoort minstens 'n jaar lank doeltreffende voorligting te ontvang. Dit sal die voorligter dan in staat stel om op 'n noukeurige wyse vas te stel watter vordering die leerling waarskynlik in 'n bepaalde vak sal maak wat vir sy opleiding noodsaaklik is.<sup>13)</sup>. Die leerlinge sal dan in homogene eenheidsgroeppe sonder enige diskriminerende klassifikasie kan ontluik en georiënteerd raak want daar sal dan meer tyd wees om intelligente en wetenskaplike advies en leiding te gee aan die leerlinge sowel as aan hulle ouers, met 'n gevolglike groter mate van sukses met kursusaanbevelings.

Die antwoorde van leerlinge op die vraag i.v.m. sport (vr. 15) en antwoorde van voorligters laat die gedagte ontstaan dat 'n aspek van die st. VI = leerling se potensiaal wat wel deeglik uitgetoets word, die fisiese is, of te wel die sportmanpotensiaal.<sup>13a)</sup>. Die vraag is of daar in ons skole nie 'n

12. King, E.J.: Other schools and ours, p. 111, 220.

13. K.O.D: Jaarverslag, S.G.O., 1947, p. 17 & 62.

13a. Vgl. Tabel XII.

beter verhouding tussen sport en studie behoort te wees nie.

Dit sal miskien tot die kind se voordeel wees as die Russiese voorbeeld van werk in die "belangstellingsrigting" in biblioteke, laboratoria, werkswinkels, e.d.m. na skoolure oorweeg word in die plek van 'n deel van die atletiek, voetbal en ander georganiseerde sport.<sup>14)</sup> "Academic experience is not so much a lucky alternative to work as an alternative kind of work."<sup>15: )</sup> Ook die Amerikaner, Douglass, waarsku teen oordrewe sport.<sup>15a)</sup>

Die onderwysdepartement se voorskrifte meld dat st. VII 'n proefjaar sal wees ten einde leerling en onderwyser die geleentheid te gee om vas te stel of die kursusindeling 'n sukses was al dan nie. Indien dit nou nie 'n sukses was nie, wat dan? Afskuif na 'n laer baan is maklik, maar wat is die posisie met verskuiwing na 'n hoër baan? Hier sal mos 'n agterstand wees. t.o.v. die werk wat reeds gedoen is, wat betref hoeveelheid, inhoud en gehalte. Dit bevestig die sienswyse dat dit vir die kind miskien beter sal wees om die baanindeling aan die einde van die oriënteringsjaar te doen in die lig van 'n jaar se werk, toetsresultate, aanleg, ambisie, werkvermoë, inisiatief, ens., wat dan beter bekend is as aan die end van die tweede kwartaal.

(b) Besonder.

(i) Differensiasie.

Differensiasie is 'n aanvaarde beginsel in die onderwysbeleid van die Transvaalse Onderwysdepartement en word ook in

14. King, E.J. op. cit., p. 171 Ook volgens bylae 3B vr. 14, onderhoude met st. VIII.

15. King. E.J. op. cit. p. 178.

15a. Douglas H.R. Trends and issues in secondary education p. 64.

die ander provinsies van die Republiek van S.A. as beginsel aanvaar. Dit kan ook nie anders wees nie, want die diversiteit in die menslike aanleg en belangstelling maak dit noodsaaklik dat onderwys gedifferensieerd sal wees ten einde te voldoen aan die eis van volle geleentheid tot volksontwikkeling van elke kind se aanleg en potensiaal.

Tot op die huidige het differensiasie vir Transvaalse skole in werklikheid bestaan uit die indeling van leerlinge in bane op grond van hulle I.K. en klasprestasie<sup>15b)</sup> en die verdere voorsiening van sekere vakkeuses wat bepaal word deur die grootte van die skool, personeelvoorsiening en beskikbaarheid van personeel om sekere vakke te doseer en akkomodasie van klasse. Van die "beroepsgerigte komponente" van die B- en C-baankursus kon nie veel gevind word nie. Die klem het weens gebrek aan fasiliteite - en dit sluit vakkeuse en personeelvoorsiening in - geval op baanindeling as sodanig en nie op voorsiening van onderwysfasiliteite volgens aanleg en behoeftes van individuele leerlinge nie. Die sg. komprehensiewe skool kon nog nie tot volwaardige werklikheid kom nie hoofsaaklik as gevolg van die afwesigheid van 'n duidelik geformuleerde nasionale onderwysbeleid met die gepaardgaande besef dat finansiële belegging in die onderwys 'n langtermynbelegging is wat nie onmiddelike diwidende lewer wat in rand en sente bereken kan word nie. S.A. het nog nie, soos Rusland, besef dat "not only ideology and patriotism but sheer industrial realism make leaders of the country's enterprises

15b. Vgl. Tabelle XIII & XIV.

realize that education is an investment that can never be skim-ped."<sup>16)</sup>

Differensiasie sal eers dan 'n voldonge feit word as daar ook vir die C-baanleerling voorsiening gemaak word met 'n minder akademiesgerigte kursus waarin uitvoering gegee kan word aan die vooropgestelde beleid van meer pragmatistiese onderwys want soos Sotzin dit stel: "more people possess manipulative ability than those who possess abstract or social ability"<sup>17).</sup> (Sien ook Tabel VII.)

Met differensiasie as 'n beginsel in die onderwysbeleid is geen fout te vind nie, maar met die praktiese implementering van die beginsel kan nie volledig akkoord gegaan word nie.

#### (ii) Baanindeling:

Baanindeling is bevind 'n direkte uityloeisel te wees van die beginsel van differensiasie in die onderwys. Dit is 'n gerieflike prosedure in die implementering van gedifferencierde onderwys, hoewel nie die enigste nie. Niesteenstaande dit die T.O.D. se beleid is dat dit te alle tye vir enige leerling moontlik moet wees om 'n baanverandering na bo of na onder te maak, word hierdie baanverandering na 'n hoërvlak selde aangetref, na die laervlak van bv. A-baan na B-baan heel dikwels, veral na die halfjaarlikse eksamenuitslae bekend is, (sien Tabel IX).

16. King, E.J.: op. cit. p. 183.

17. Sotzin, H.A.: The necessity for a new type of secondary school, Californian Journal of Secondary Education, Vol. 30, No. 4, Apr. 1955, p. 231.

Die algemene bevinding is dat hierdie baanverlaging die gevolg is van swak prestasie veral in een of twee vakke.<sup>17a)</sup>,

Daar bestaan twyfel of dit in die beste belang van die kind is dat baanindeling "nie later as aan die einde van die tweede kwartaal in st. VI "moet geskied nie. Daar is nie 'n ooglopende rede waarom hierdie baanindeling nie aan die einde van die oriënteringsjaar kan geskied nie. Daar is dan baie meer besonderhede omtrent die kind beskikbaar t.o.v. vermoëns, prestasie, aanleg, belangstelling, ambisie, psigologiese, sosiologiese en pedagogiese probleme, diagnostiese en remediërende maatreëls, die gevolglike gekompliseerdheid van baanverandering word gevolglik baie kleiner. Pedley sê tereg: "there is wisdom in delaying selection"<sup>18)</sup>

Dit is verder bevind dat die vroeë baanindeling in st.VI by sommige leerlinge in die B-baan maar veral in die C-baan 'n gees van onverskilligheid verwek.<sup>18a)</sup>. In hierdie C-baangroep word diegene aangetref wat glad nie in verhouding met hulle vermoëns presteer nie. In 'n paar gevallen-studies wat onderneem is, is deurgaans gevind dat daar sosio-ekonomiese, huislike of derglike probleme bestaan het. By 'n paar was selfs 'n gesindheid van verbittering en/of roekeloosheid teenwoordig. (TabelIII), en was die indeling in die C-baan 'n laaste strooi. 'n Ander opvallende verskynsel onder dieselfde

17a. Vgl. Tabelle VI en VIII p. 98 & p. 100.

18. Pedley, R. op. cit., p. 14.

18a. Vgl. Tabel III, p. 91.

kursusgroep was dat daar deur hierdie leerlinge voorkeur gegee word aan sekere vakke omdat die onderwyser van daardie vak die kind meer simpatiek en begrypend gesind is.

Dit is deurgaans bevind dat veral die atleties aangelegde leerlinge totaal onvoldoende tyd vir skoolwerk kry as gevolg van 'n oormaat sportaktiwiteit waaraan hulle moet deelneem, soms selfs onder druk. Die meerderheid st. VI = leerlinge en hulle ouers wat bewus is van wat aangaan, getuig van 'n oorbelaайд skoolprogram.<sup>18b)</sup>

### (iii) Evaluering:

Evaluering van die st. VI = leerling met die oog op baanindeling vind plaas hoofsaaklik op grond van I.K. en eksamenprestasie (Tabel XIII & XIV). Soos reeds aangetoon is 'n totale afwesigheid van ander toetsprosedures gevind behalwe met die uitsondering van een skool. Voorligters het hierdie bevinding bevestig. Hierdie prosedure is natuurlik anders as wat die T.O.D. verlang en voorstkryf, nl. dat dit op grond van verstandspel, prestasie, vereistes vir vakke en kursusse en ouer- en leerlingkeuse en aanleg, moet geskied. Van diagnosterende en remediële maatreëls op die stadium van die baanindeling het nog nie iets terug gekom nie. Die ooglopendste oorsaak hiervan is reeds aangedui as gebrek aan tyd en personeelvoorsiening.

In die Van Wykverslag (1955) is 'n aanbeveling gemaak dat daar gestandaardiseerde toetse ontwerp en saamgestel moet word met die oog op gebruik by die baanindeling<sup>19)</sup>, maar op die hui-

---

18b. Vgl. Tabel XII p. 104.

19. Van Wyk A.H. du P.: Verslag op. cit., p. 85 & p. 93 bylae 1.

dige is dit nog nie beskikbaar nie. Die gebruik van aanleg-toetse in hierdie verband word ook op die huidige, deur die skole geraadpleeg, nie as van veel waarde beskou nie.

Wat die ouer- en leerlingkeuse betref, is bevind dat die ouer oor die algemeen inval met die aanbeveling van die skool (Tabel V), hoewel gevalle gevind is waar die ouer en leerling geweier het om die skool se aanbeveling te volg. (Sien Tabel V). Is die B-baankandidaat wat met die Skooleindeksamen ses onderskridings behaal, werklik 'n B-baanleerling en behoort hy nie die A-kursus te gevolg het nie? Ook Pedley siteer gevalle soos die op bls. 96 genoem in sekere Londense skole.<sup>20)</sup>. Doeltreffende evaluering met die nodige opvolgmetodes mag sulke gevalle van foutiewe beoordeling voorkom het. Hier geld die waarskuwing van Shiels:- premature streaming crystallizes individual differences so that it is very difficult to redress wrong allocations of a pupil to a certain type of education<sup>21)</sup>. Hierdie verskynsel dui weer op die gevvaar verbonde aan oorhaastige baanplasing.

#### (iv) Voorligting

Voorligting op die huidige is nie alleen ontoereikend nie, maar ook onvredigend, hoofsaaklik te wyte aan gebrek aan tyd, afwesigheid van deeglik onderlegde voorligters en die basis van personeelvoorsiening. As gevolg van dieselfde oorsake

20. Pedley, R.: op. cit., p. 114.

21. Shiels, F.H.: op. cit., p. 148, 178 en 224.

word die opsporing en behandeling van onderpresteerders, afwykings, leat-ontwakers en ander probleemvalle feitlik onmoontlik gemaak. Die uiterste gevalle word na skoolsielkundiges verwys maar volgens informele gesprekke met hulle is hulle reeds oorlaai met werk en kan nie altyd onmiddellike aandag gee en/of hulp vorleen nie.

Van huisbesoek deur voorligters kom daar weens dieselfde oorsake weinig terug. Hierdie aspek van voorligting om die sosio-ekonomiese en milieu-agtergrond te bestudeer verg uit die aard van die saak baie tyd en koste.

Dikwels is gevind dat voorligtingonderwysers ook nog vakonderwys moet gee en selfs met buiteskoolse aktiwiteite behulpzaam moet wees. Die onderwysers wat onder dié moeilike omstandighede en boonop met geen of weinig opleiding tog 'n positiewe bydrae tot voorligting lewer, verdien alle lof en dank.

Die belangrikheid van voorligting gedurende die oriëntatingsjaar en die knaende behoefté daaraan deur 'n vertrouenspersoon met die nodige persoonlikheid en insig word deur die meeste van die leerlinge wat ondervra is en/of vraelyste beantwoord het, baie duidelik aangedui. Douglas beklemtoon die noodsaaklikheid van voorligting op elke terrein van die lewe van elke leerling.<sup>22)</sup> Lloyd toon aan dat in Japan voorligting gegee word binne sowel as buite die inrigtings vir hoër onderwys en dat dit as absoluut noodsaaklik beskou word.<sup>23)</sup>

22. Douglas. H.R.: op. cit. p. 63 - 64.

23. Lloyd, W.P.: Student counseling in Japan, p. 14 & 26.

3. AANBEVELINGS.

Inleidend.

Dit is beslis nie moeilik om fout te vind met enige onderwysstelsel nie. Dit was egter nie die opset met hierdie verhandeling om net fout te vind nie, maar eerder om die aandag te vestig op 'n paar leemtes wat tydens die studie en ondersoek gevind is. Die aanbevelings wat hier in alle beskeidenheid gedoen word, is dan ook bereken om knel- en stryd- punte in die implementering van die oriëntasiebeginsel in die st. VI - leerling se onderwys te probeer verwyder.

As uitgangspunt vir hierdie aanbevelings sal dit nie onvanpas wees om te dink aan wat Gunter in die verband sê nie, nl. dat die skool wat hom op algemeen vormende onderwys toelê, sy bydrae moet maak tot die liggaamlike, verstandelike, sedelike, estetiese, sosiale en godsdienstige ontwikkeling van die kind en verantwoordelik is vir die opvoeding van die "hele"kind. 24).

(i) Differensiasie.

Hierdie, vir ons in Transvaal, moderne vereiste vir 'n onderwysbeleid, vereis nie net differensiasie t.o.v. die leerling se bekwaamheid, potensiaal en belangstelling nie maar ook die fasiliteite om die onderwys volgens hierdie behoeftes te voorsien. 25). Akademiese sowel as beroepsonderwysfasiliteite sal by elke hoërskool moet bestaan. Konserwatiieve basisse vir personeelvoorsiening en vakkeuse sal hersien moet word. Onder-

24. Gunter, C.F.G. "Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde". p. 94.

25. Reeds in 1920 in Detroit, V.S.A. toegepas - T.O.D. Onderwysbulletin, Vol. V no. 2, Junie 1960, p. 1091.

wys is 'n groot saak en vereis 'n groot siening. Dit sal meebring dat daar onmiddellik voorsiening gemaak sal moet word vir die daarstelling van omvattende fasiliteite ten einde die nasionale onderwysbeleid onder sentrale beheer (Onderwyswet 1967) tot volle verwesenliking te laat kom.

Differensiasie sal ontdoen moet wees van enige stigmatiserende vergelyking, derhalwe sal dit nodig wees om te differensieer op grond van prestasie in verskillende vakkombinasies. Indien daar tè vroeg tussen kursusse in die hoërskool gedifferensieer word, bemoeilik dit die vergelyking van die potensiaal en behoeftes van die leerlinge.

Gedifferensieerde onderwys verg gedifferensieerde leerplanne met gedifferensieerde meting, inhoud en omvang, met 'n duidelik opgestelde ideaal wat moet lei na 'n bereikbare eindpunt. Hier word ook en veral aan die C-kursusleerlinge gedink. Vir hulle sal onmiddellik voorsiening gemaak moet word. Die huidige Hoër Tegniese skoolkursus is nie die aangewese oplossing nie, vanweë sy toelatingsvercistes en leerplan. Boonop is die aantal Hoër Tegniese Skole hopeloos ontoereikend, veral as in gedagte gehou word die tekort aan tegniese vakmanne wat ons land reeds beleef en ons is nog maar op die drumpel van die tegniese bedrywigheid.<sup>25a)</sup>. Die verlies aan mannekrag as gevolg van die toestand verg ernstige aandag.

25a. Vgl. Hfst. V, p. 98. vr. 7 en Tabel VII, p. 99.

(ii) Baanindeling.

1. Baanindeling moet die gevolg wees van deeglike voorbereiding, voorligting en toetsing gefundeer op die beginsel van genoegsame tyd vir ontwikkeling, psigies en opvoedkundiig. Daar kan gerus in gedagte gehou word die statistieke in die Van Wykverslag waarin aangetoon word dat leerlinge met 'n I.K. van 100 en minder wat tot matriek vorder, 62.5% sukses het.<sup>26)</sup>

2. Baanindeling moet nie die idee van waterdigte kompartemertering vaslê nie, tewens waar differensiasie reeds gesien word op grond van prestasie in verskillende vakkombinasies, word dit 'n essensiële begrip by baanindeling. Kruisgroepering in vakke kan die potensiaal ten volle aktiveer.

3. Baanindeling moet rekening hou met verskille in tempo van leer en dienooreenkomsdig sal voorsiening gemaak moet word vir tempo van promovering.

4. Buigsaamheid moet 'n basiese uitgangspunt wees by enige groepering en fisiese, intellektuele, emosionele en sosiologiese behoeftes van elke individu moet oorweeg word in die groepering van so 'n leerling. Daar moet gewaak word teen oorhaastige of voorbarige baanplasing. Tereg waarsku Simon dat elke leerling geleenthed gegee moet word om te wys waar toe hy in staat is en aan watter eise hy kan voldoen met die nodige leiding, motivering en remediërende behandeling. Die kind moet nie toegelaat word om onder te gaan a.g.v. die in-

26. Van Wyk A.H. du P.: op. cit. p. 117.

tree van frustrasie en verveling nie.<sup>27)</sup>.

5. In die baanindeling moet die belang van die kind altyd vooropgestel en die beslissende faktor wees.

6. In die oriënteringsjaar moet daar gewaak word teen 'n té groot verskeidenheid eksamengerigte vakke wat verwarrend kan inwerk op die st. VI = leerling en boonop te wyd is, met gepaardgaande verlies aan diepte.

7. Die benaming oriënteringsjaar word eintlik ge-loënstraf deur 'n baanindeling reeds aan die einde van die tweede kwartaal en nog erger aan die einde van die eerste kwartaal, soos by enkele skole. Daar skyn nie genoeg belangrike redes te wees waarom baanindeling nie aan die einde van die oriënteringsjaar kan plaasvind nie, en hersiening van die beleid in die verband word sterk aanbeveel. Dit is tewens op grond van die voorafgaande gegewens dat baanindeling liefs op die vroegste aan die einde van die st. VI - jaar moet plaasvind. Dit val sterk te betwyfel of dit regverdig is teenoor die leerlinge wat nie onder die begaafdes sorteer nie, om na een of twee of selfs vier kwartale, geëtiketteer te word as B- of C-baan.

8. In die lig van die noodsaaklike oriëntering t.o.v. vakke en vakkeuse is dit vanselfsprekend dat die bekwaamste onderwysers wat in permanente hoedanigheid onderwys gee 'n sine qua non by die st. VI onderwys is.

### (iii) Evaluering:

Evaluering van die leerling ten einde te kan besluit oor

27. Simon, B.: New trends in English education p. 185 - 190.

die doeltreffendste baanindeling kan alleen geskied aan die hand van:

- (1) Wetenskaplik opgestelde en gestandaardiseerde toetse wat die eerste maal in die loop van die tweede kwartaal gegee word en wat weer in aangepaste vorm in die vierde kwartaal gegee word. Voorbeeld van sodanige toetse is die van Porter en Cattell.<sup>28)</sup>.
- (2) Hierdie toetse onder (1) genoem moet gepaard gaan met die nodige diagnostiese en remediërende nasorg.
- (3) Waarneming, voorligting in al sy fasette en oriëntering t.o.v. psigologiese, fisiese, pedagogiese en sosiologiese behoeftes moet te alle tye deel uitmaak van die st. VI = leerling se oriënteringsproses ten einde evaluering so akkuraat moontlik te kan doen. Die werk moet in st. VII voortgesit word.
- (4) Die nodige aanlegtoetse moet ook in die loop van die jaar gegee word, en verdere belangstellingstoetse kan beslis in st VII en st. VIII jaar weer gegee word.
- (5) 'n Duidelike opname van elke leerling se sosio-ekonomiese en huislike milieu is noodsaaklik vir die evaluatings- en oriënteringsproses. Hiervoor is o.a. 'n vollediggehoue kumulatiewe rekord nodig soos Licherter ook aanbeveel.<sup>28a)</sup>.

Indien hierdie procedure gevvolg word, sal aan die T.O.D. se instruksie van geleentheid vir 'n waarnemingstydperk uitvoering gegee word en dan sal die geleentheid tot kursusverandering

28. Savage R.D.: Measuring children's abilities.

28a. Licherter et.al., op. cit., p. 16+

praktiese waarde kry.<sup>29)</sup> Ryping, onderwys en opvoeding veral gedurende die puberteitsjare plaas 'n besondere aksent op sommige leerlinge se aanlegkwaliteite.<sup>30)</sup>

(iv) Voorligting:

Voorligting is so 'n belangrike en noodsaaklike komponent van die hoërskoolkurrikulum, soos reeds aangetoon, dat die owerheid gerus sonder versuim moet toesien dat:

- (1) Genoeg gekwalifiseerde en ervare voorligtingonderwysers beskikbaar gestel word sodat elke hoërskool op grond van sy behoeftes genoeg onderwysers op die personeel kan hê, (die huidige voorsieningsbasis is nog te konserwatief).
- (2) So 'n voorligter moet onthef wees van enige ander vakonderwys en/of naskoolse aktiwiteite.
- (3) Voorligters moet in die posisie gestel word om die ouers van die leerlinge te kan besoek en daarvoor moet vervoer verskaf word.
- (4) Die oriënteringsjaar is so belangrik met die oog op voorligting en diverse toetse en remediërende maatreëls dat daar meer tyd tot die voorligtingonderwyser se beskikking gestel behoort te word.
- (5) Die sukses van differensiasie, baanindeling, evaluering en selfs van die onderwys as sodanig is in 'n baie groot mate direk eweredig aan geslaagde voorligting, en dit geld beslis ook vir latere suksesvolle beroepskeuse.

29. T.O.D. Omsendbrief Nr. 102 van 1965.

30. Van-Gelder, L.: Ontsporing en correctie, p. 39, Vgl. Van Wykverslag p. 33, 75.

(6) Die voorligter sal uit die aard van sy veelvuldige pligte onthef moet word van blote administratiewe werk d.w.s. rekordering en kartering van elke leerling, dog aangesien alle gevlewens omtrent 'n leerling noodsaaklik is vir doeltreffende voorligting en leiding, sal volledige rekords aangelê moet word. Hierdie rekords moet begin word as die leerlinge tot die laerskool toetree en moet volledig bygehou word deur 'n spesiale klerk - nie deur die voorligter nie!

Wanneer daar dus volwaardige differensiasie in die onderwysbeleid is, sal dit moontlik wees dat die kind met die nodige en doeltreffende voorligting en gevolglike evaluering, in die rigting kan ontwikkel wat nie net vir hom nie, maar vir die gemeenskap waarin hy verkeer, tot die grootste voordeel kan strek. Die nuttige burger wat inpas in die besondere plek waarvoor hy in die samelewning bestem is, moet tog die beste kans tot volledige ontwikkeling hê! Dit dien beklemtoon te word dat baanindeling beslis nie differensiasie is nie.

(v) Personnel - voorsiening, toewysing.

Al die voorligters wat geraadpleeg is en/of vraelyste beantwoord het, het onomwonde verklaar dat hulle nie al die werk verbonde aan voorligting kan behartig nie. Dit is absoluut onmoontlik vir een persoon om die standerd sesse en standerd sewes voor te lig, te adviseer en hulle met al hulle probleme van aanpassing op opvoedkundige, sosiologiese en psigologiese terrein van raad te bedien. Die basis waarop onderlegde voorligters voorsien moet word, moet drasties hersien word. Boonop kan die voorligter se gespesialiseerde kennis beter benut word as om rekordering en kartering te behartig.

Soos reeds aangedui is dit noodsaaklik dat die standerd sesser moet beskik oor die dienste van 'n vakonderwyser met ondervinding en insig, deur wie hy werklik geleei en geïnspireer kan word tot suksesvolle oriëntering.

4. MOONTLIKE NAVORSINGSVELDE.

Uit die studie het dit geblyk dat daar sekere sake is wat ernstige aandag aan gegee kan word en waарoor seker met vrug navorsing gedoen kan word. So is daar bv.

- (a) die relatiewe bydrae van sport en die tyd daaraan gewy, in verhouding tot die oriëntering van die st. VI - leerling;
- (b) die leerplanne vir st. VI veral met die oog op hoeveelheid skoolwerk en huiswerk t.o.v. elke vak;
- (c) die noodsaaklikheid vir beroepsgerigte kursusse vir die C-baanleerlinge vir sowel meisies as seuns;
- (d) die voorsiening van toereikende tegniese en handelsvakte vir die B-baanleerlinge wat daarom vra;
- (e) die hersiening van C-baanleerlinge se leerplanne vir die vormende vakke wat betref die inhoud, omvang en nuttigheidsaspek, en ook met die oog op sosiologiese, psigologiese en politiese oorwegings. In l.g. verband word veral gedink aan die behoefte vir geskoolde plaas- en algemene arbeiders, huisbediendes, tuiniers, e.d.m. met die oog op die landsbeleid van afsonderlike ontwikkeling.
- (f) die dringende behoefte aan gestandaardiseerde evalueringstoetse en aanlegtoetse met die oog op die volle verwesenliking van gedifferensieerde onderwys;
- (g) die voorsiening van beroepsgerigte komponente in die leerplanne vir die B-baanleerlinge vir meisies sowel as vir seuns veral met die oog op die dringende landsbehoefte aan tegnici;
- (h) die vraagstuk van tempo van promovering.